

# Die neo-Kantiaanse historiese kennisleer van die Badenskool: Heinrich Rickert

J.M. BEYERS\*

## Inleiding

In die eerste artikel oor die neo-Kantiaanse historiese kennisleer van die Suidwes-Duitse of Badense filosowe is die denke van Wilhelm Windelband en Emil Lask behandel.<sup>11</sup> In hierdie artikel word Heinrich Rickert se kennisleer bespreek.

Heinrich Rickert (1863-1936) was die beroemdste en produktiefste van die Badense neo-Kantiane. Rickert voltooi in 1888 sy doktorsgraad onder Windelband in Strassburg met 'n proefskrif oor die logika van begripsverklaring.<sup>2</sup> Daarna voltooi hy sy nadoktorale habilitasieskrif – 'n algemene inleiding tot die probleme van kennisleer vanuit 'n neo-Kantiaanse gesigspunt – by Freiburg in 1891.<sup>3</sup> Rickert begin sy akademiese loopbaan aan die Universiteit van Freiburg (1891-1915), waarna hy Windelband se leerstoel in Heidelberg (1915-1936) oorneem.<sup>4</sup> Rickert se vernaamste werk was ongetwyfeld *Die Grenzen der naturwissenschaftliche Begriffsbildung*,<sup>5</sup> waarin hy poog om 'n historiese kennisleer te verwoord wat onafhanklik van beide Hegeliaanse idealisme en nationalistiese positivisme sou wees. Rickert se hoofoogmerk was om te bewys dat geskiedenis wetenskaplike status kon geniet sonder om aan die vereistes van die natuurwetenskappe te voldoen. In hierdie poging volg Rickert die riglyne van Windelband se rektorsrede<sup>6</sup> en gee ook

- 
- Mn. J.M. Beyers is 'n doktorale student aan die RAU.
- 1 . J.M. BEYERS, "Die neo-Kantiaanse historiese kennisleer van die Badenskool: Wilhelm Windelband en Emil Lask" in *Historia*, 43(2), November 1998, pp. 86-105.
  - 2 . H. RICKERT, *Zur Lehre von der Definition* (Freiburg, 1888).
  - 3 . H. RICKERT, *Der Gegenstand der Erkenntnis* (1892, Sesde uitgawe, Tübingen, 1928).
  - 4 . Vir 'n kort lewenskets van Rickert kyk T.E. WILLEY, *Back to Kant* (Detroit, 1978), pp. 39-142.
  - 5 . Tübingen, 1902.
  - 6 . W. WINDELBAND, "Geschichte und Naturwissenschaft. Strassburger Rektoratsrede (1894)", *Präludien: Aufsätze und Reden zur Einleitung in die Philosophie, II* (Tübingen, 1921), pp. 136-160.

erkening aan die invloed van sy leermeester.<sup>7</sup> Rickert het sy kennisleer in voortdurende tweegesprekke met Lask verfyn.<sup>8</sup> Rickert sou egter Windelband en Lask se idees veel verder ontwikkel

Soos Windelband, verkies Rickert ‘n metodologiese onderskeid tussen die historiese kultuurwetenskap en natuurwetenskap.

Aangesien Rickert die beginsel van ‘n enkele algemene metode verwerp, verwerp hy ook die idee van ‘n algemene natuurwetenskaplike metode.<sup>9</sup> Die empiriese werklikheid is geskiedenis wanneer ons dit as besonder en individueel beskou; dit word “natuur” (of nomologies) wanneer die algemene kenmerke bestudeer word.<sup>10</sup> Die historiese kultuurwetenskap beoog eerder kennis van die unieke besondere, aangesien die enkele gebeurtenis “die enigste ding is wat werklik plaasvind”.<sup>11</sup> Só is die Engelse Puriteinse Omwenteling ‘n unieke, nie-herhaalbare historiese gebeurtenis, terwyl die optrede van partikels volgens Newton se wet algemene herhaalbare natuurverskynsels is. Vir Rickert is alle menslike kennis wat in bepaalde bane van tyd en ruimte plaasvind, geskiedenis. Indien die kennis metodologies verwerk word, bestaan die moontlikheid van ‘n historiese wetenskap.<sup>12</sup>

Rickert het Windelband se metodologiese onderskeid op tweelei wyse uitgebrei. Eerstens verskaf wetenskaplike begripsvorming (*Begriffsbildung*) ‘n logiese onderskeid tussen ‘n nomologiese metode wat algemene wette, en ‘n historiese metode wat individuele begrippe voortbring. Windelband het sy onderskeid bloot op die logiese dualisme van algemene en besondere oordele gevestig.<sup>13</sup> Vir Rickert was dit nie verreikend genoeg nie, aangesien die historiese kultuurwetenskap die werklikheid nie vollediger as die natuurwetenskap beskryf nie. Die hele werklikheid is in ‘n toestand van veranderlikheid sodat ‘n volledige afbeelding daarvan onmoontlik is. Gevolglik vereis “verstaan” in beide geskiedenis en die natuurwetenskappe die vereenvoudiging van die onvaste menigvuldigheid tot begrippe.<sup>14</sup> Rickert verwerp die algemene geldigheid van die natuurwetenskaplike begripsmetode

- 
- 7 . H. RICKERT, *Die Grenzen der naturwissenschaftliche Begriffsbildung*, pp. 302-303.
  - 8 . Kyk R. MALTER, “Heinrich Rickert und Emil Lask”, *Zeitschrift für Philosophische Forschung*, 23(1), 1969, pp. 86-97.
  - 9 . H. RICKERT, *Zur Lehre von der Definition*, pp. 28-29.
  - 10 . H. RICKERT, *Kulturwissenschaft und Naturwissenschaft* (1899, Sewende uitgawe, Tübingen 1926), pp. 55-56.
  - 11 . H. RICKERT, *Die Grenzen der naturwissenschaftliche Begriffsbildung*, p. 252.
  - 12 . Ibid, pp. 250-251.
  - 13 . H. SCHNÄDELBACH, *Geschichtsphilosophie nach Hegel* (Freiburg, 1974), p. 146.
  - 14 . H. RICKERT, *Kulturwissenschaft und Naturwissenschaft*, pp. 32-34.

deur aan te toon dat die histories-kulturele wêreld eiesoortige historiese begrippe benodig. Hierdie oogmerk verklaar die titel van *Die Grenzen*, naamlik waar die grense van die nuttigheid van die natuurwetenskaplike begripsmetode bestaan.<sup>15</sup> Tweedens, verskaf ‘n waardemaatstaf ‘n stoflike onderskeid tussen ‘n waardevry natuur en ‘n waarde-gerigte kultuur.<sup>16</sup> Waar die natuurwetenskappe die oneindige empiriese werklikheid deur eksakte natuurwette orden, orden die kultuurwetenskappe dié werklikheid deur ‘n keuringsbeginsel, bekend as waardeverband of waardebetrekking (Wertbeziehung). Terwyl natuurverskynsels verstoek van waardes of bloot waarde neutraal is, beliggaam alle historiese verskynsels waardes.<sup>17</sup> In teenstelling met natuurprodukte wat opsigself ontstaan en groei, word kultuурgoed direk deur die mens voortgebring en bevorder ooreenkomsdig oogmerke waaraan waarde geheg word. Die beginsel van waardeverband is vir Rickert ‘n wesenlike onderskeidingsmaatstaf tussen kultuur- en natuurwetenskap.<sup>18</sup> In teenstelling met Windelband, erken Rickert dat die geskiedkundige keuringsbeginsels moet aanwend om die historiese stof in begrippe te orden.<sup>19</sup>

### Rickert se teorie van begripsvorming

Die vertrekpunt van Rickert se begripsleer is die ingewikkeld en oneindige empiriese werklikheid wat wesenlik grensloos in tyd en ruimte is.<sup>20</sup> Die empiriese werklikheid bestaan uit ‘n oneindige menigvuldigheid van verskillende konkrete verskynsels wat Rickert ‘n “ongelyksoortige kontinuum” noem.<sup>21</sup> Elke verskynsel bestaan weer uit ‘n oneindige aantal onderdele, wat elk eiesoortige voorwerpe vorm. Geen twee verskynsels kan in presies dieselfde tyd en ruimte voorkom en dus in elke besonderheid identies wees nie. Daarom noem Rickert die empiriese werklikheid ‘n unübersehbare Mannigfaltigkeit – ‘n eindeloze menigvuldigheid.<sup>22</sup> Hierdie oneindige aantal voorwerpe van waarneming kan nie in geheel weergegee word nie, wat alomvattende kennis van die empiriese werklikheid onmoontlik maak. Die menslike verstand is te

- 
- 15 . H. RICKERT, *Die Grenzen der naturwissenschaftliche Begriffsbildung*, p. 303.
  - 16 . M. KUNINSKI, “The Methodological status of Cultural Sciences according to Heinrich Rickert and Max Weber”, *Reports on Philosophy*, (3), 1979, p. 75.
  - 17 . H. RICKERT, *Kulturwissenschaft und Naturwissenschaft*, p. 18.
  - 18 . *Ibid.*
  - 19 . G.G. IGGERS, *New Directions in European Historiography* (Middletown, 1988), pp. 28-29.
  - 20 . H. RICKERT, *Die Grenzen der naturwissenschaftliche Begriffsbildung*, pp 32-36.
  - 21 . H. RICKERT, *Der Gegenstand der Erkenntnis*, p. 136.
  - 22 . H. RICKERT, *Die Grenzen der naturwissenschaftliche Begriffsbildung*, p. 33.

beperk om alle beskikbare gegewens to beheers.<sup>23</sup> ‘n Voorvereiste vir enige wetenskaplike kennis is om hierdie oneindigheid deur ‘n keuring van die feite to oorkom. ‘n Keuringsbeginsel (Auswahlprinzip) is nodig om die oneindige aantal voorwerpe te orden en die wesenlik belangrike van die onbelangrike te skei. Hierdie keuringsproses is ‘n voorvereiste vir ‘n sistematiese vasstelling en uiteensetting van feite, oftewel wetenskaplike navorsing.<sup>24</sup>

Die keuringsproses is ‘n vormende proses met ‘n bepaalde weergawe van die empiriese werklikheid as eindproduk. Hierdie weergawe vertoon ‘n bepaalde vorm waarin die selfstandige inhoud verskyn. Vir Rickert is hierdie vorm ‘n “begrip”. Die vormlike kant van wetenskaplike navorsing behels dus ‘n proses van begripsvorming met ‘n begrip as vasgestelde uitslag.<sup>25</sup> Aangesien wetenskaplike navorsing altyd ‘n verwerking van die werklikheid behels, kan die oneindige werklikheid slegs deur begripsvorming oorkom word. Begrippe is die enigste middle wat die oneindige aantal gegewens kan vereenvoudig tot afmetings wat deur die menslike verstand begryp kan word. Die eenvoudigste soort begrip is die alledaagse woord in sy betekenis.<sup>26</sup> Wetenskaplik beskou, is dié betekenisse te vaag en moet deur noukeurige woordbepaling, oftewel met stellings wat die betekenis van die woord met die nodige noukeurigheid vervul, vervang word. Begripsvorming is noodwendig verbind aan enige beoordeling van die werklikheid wat in woorde uitgedruk kan word.<sup>27</sup>

Rickert gebruik die term “begrip” nie net vir die vormlike aspek van wetenskaplike kennis nie, maar ook vir die selfstandige inhoud daarvan. Terwyl die begripsvorm die metode van abstrahering uit die werklikheid soos weergegee deur die feite behels, bestaan die begripsinhoud uit dié feite. Hierdie abstraksie is ‘n funksie van die keuringsmaatstaf wat in die proses van begripsvorming toegepas word. Só ‘n maatstaf is ‘n wyse om die werklikheid sodanig te rasionaliseer dat dit deur die menslike rede begryp kan word.<sup>28</sup> Sonder begrippe sou die navorser moes terugval op aanvoeling (intuïsie), invoeling (empatie) of een of ander vorm van alomvattende innerlike wederervaring (Erlebnis) in ‘n poging om die oneindige geheel van die werklikheid te begryp. Dit sou die moontlikheid van wetenskaplike kennis egter uitskakel.<sup>29</sup>

---

23 . *Ibid.*, p. 34.

24 . *Ibid.*, pp. 15, 34-36.

25 . *Ibid.*, p. 23.

26 . *Ibid.*, pp. 39-43.

27 . *Ibid.*, pp. 54-55.

28 . H. RICKERT, *Der Gegenstand der Erkenntnis*, pp. 427, 449-450.

29 . *Ibid.*, pp. 425-426.

Rickert volg Kant se logiese omskrywing van “natuur”, dat dit nie tot die stoflike wêreld beperk is nie, maar na verskynsels wat deur algemeen geldige wette bepaal word, verwys.<sup>30</sup> Volgens Rickert benodig die historiese wetenskappe net so ‘n geskikte begrip, aangesien hierdie dissiplines die stewige fondament wat Kant aan die natuurwetenskappe gegee het, ontbeer.<sup>31</sup> Vir Rickert beteken verkryging van kennis van die natuur die vorming van algemene begrippe uit algemene elemente of hoedanighede om uiteindelik onvoorwaardelik-geldige natuurwette vas te stel.<sup>32</sup> Terwyl algemene reëlmataige en herhalende eienskappe as wesenlik-belangrik beskou word, word unieke hoedanighede van verskynsels negeer. Volgens dié metode word die begrippe toenemend abstrak, dit is leeg aan empiriese inhoud en pas gevolelik in ‘n teorie wat alle empiriese reëlmataige insluit. ‘n Voorbeeld van sodanige teorie is die beweging van die planete en hul onderlinge invloed vanweë swaartekrag. Só word ‘n stel algemene begrippe verkry wat (in beginsel) in ‘n enkele alomvattende natuurwet saamgevat kan word.<sup>33</sup>

Rickert onderskei twee leemtes wat die natuurwetenskaplike metode van begripsvorming ongeskik vir geschiedenis maak. Eerstens, hoe meer algemeen en abstrak ‘n natuurwet is, hoe meer verloor sodanige wet in empiriese inhoud, sodat die wet minder van die empiriese werklikheid omvat. Hierdie vereenvoudiging van die empiriese werklikheid lei noodwendig tot die uitwissing van dié werklikheid.<sup>34</sup> Daarbenewens word die uniekheid van ‘n verskynsel negeer, aangesien ‘n wet nie die unieke historiese verlede beskryf nie. Natuurwetenskaplike begripsvorming besit dus grense wat die unieke empiriese werklikheid uitsluit.<sup>35</sup> Die sosiale filosoof Georg Simmel stel dit soos volg:

‘n Wet het ‘n ideale aard; daar lei geen brug daarvan na die konkrete werklikheid nie.<sup>36</sup>

Tweedens, kan natuurwetenskaplikes nooit seker wees dat hul veralgemenings werklik algemeen geldige natuurwette is nie, omdat hierdie begrippe met verwysing na slegs ‘n beperkte aantal empiriese gevalle gevorm word en slegs vir die gevalle geldig is. Daar mag tot nog toe onontdekte gevallen bestaan wat

30 . H. RICKERT, *Kulturwissenschaft und Naturwissenschaft*, p. 40.

31 . *Ibid.*, pp. 5-6.

32 . H. RICKERT, *Die Grenzen der naturwissenschaftliche Begriffsbildung*, pp. 50-51; *Kulturwissenschaft und Naturwissenschaft*, p. 40.

33 . H. RICKERT, *Die Grenzen der naturwissenschaftliche Begriffsbildung*, pp. 68-69, 72-74.

34 . *Ibid.*, p. 230.

35 . *Ibid.*, pp. 228-229, 236-239.

36 . G. SIMMEL, *Die Probleme der Geschichtsphilosophie* (Leipzig, 1892), p. 42.

*Historia*, 45(1), Mei 2000, pp. 25-46.

nie onder ‘n wet geplaas kan word sonder om dit so wysig nie. Natuurwetenskaplikes veralgemeen vanuit beperkte empiriese inligting oor sake waaroor hulle nog nie kennis verkry het nie. Begrippe word dus uit ‘n deel van die werklikheid afgelei om oor die geheel daarvan kennis te verkry.<sup>37</sup>

Die grens tot die vorming van nomologiese begrippe is die unieke en waarneembare historiese werklikheid. Vir diegene wat kennis van die empiriese historiese werklikheid nastreef, is die natuurwetenskaplike metode onvoldoende. Dan word die metode van die historiese wetenskappe benodig. Rickert onderskei dan ook ‘n tweede tipe begrip, naamlik individuele of historiese begrippe. Die vasstelling van algemeen geldige wette is sinloos in geskiedenis, aangesien die historikus in unieke verskynsels, soos die Russiese Rewolusie, belang stel. Gevolglik is die idee van ‘n historiese wet selfweersprekking. Daarom vereis die historiese wetenskappe ‘n eie metode van begripsvorming om historiese verskynsels in hul konkrete werklikheid te verstaan.<sup>38</sup>

Historiese begrippe word gevorm deur die keuring van die hoedanighede van ‘n individuele verskynsel wat in hul verenigde voorkoms die unieke kenmerke van hierdie verskynsel uitmaak en dit van ander onderskei. In die vorming van historiese begrippe soos “Caesar” en “Dertigjarige Oorlog” word algemene of gemeenskaplike kenmerke as nie-tersaaklik negeer. Historiese begrippe is noodsaaklik vir dié wetenskappe wat kennis van die unieke historiese werklikheid nastreef.<sup>39</sup> Historiese begripsvorming behels ook abstrahering vanweë die vele onderdele van elke empiriese verskynsel en die onmoontlikheid van volledige empiriese kennis. Selfs die “werklikheidswetenskap” is verplig om uit die empiriese werklikheid te kies, aangesien die historiese benadering ook slegs ‘n deel van die werklikheid uitbeeld.<sup>40</sup> Nogtans vind historiese begripsvorming op so ‘n wyse plaas dat die eiesoortigheid van verskynsels nie verlore gaan nie. Die unieke elemente van ‘n verskynsel word in ‘n begripseenheid verenig, sodat elke begripsbeskrywing slegs by een empiriese verskynsel pas.<sup>41</sup>

Nieteenstaande abstrahering, is die historiese begrip veel meer konkreet as die algemene begrip. Die oogmerk van kennis van unieke verskynsels kan slegs deur historiese begrippe bevredig word. Dit is dus moontlik om net die werklikheid te abstraheer sonder om die individualiteit van konkrete verskynsels te vernietig. Geskiedkundiges skep begrippe, of “historiese individue”, wat ‘n

---

37 . H. RICKERT, *Die Grenzen der naturwissenschaftliche Begriffsbildung*, p. 63.

38 . *Ibid.*, pp. 249-250.

39 . H. RICKERT, *Kulturwissenschaft und Naturwissenschaft*, pp. 53-54; *Die Grenzen der naturwissenschaftliche Begriffsbildung*, pp. 255, 328- 329, 371.

40 . H. RICKERT, *Die Grenzen der naturwissenschaftliche Begriffsbildung*, p. 252.

41 . *Ibid.*, p. 339.

ingewikkelde stel gebeure deur middel van hul unieke historiese betekenis saamvat.<sup>42</sup> Alhoewel ‘n volledige voorstelling van ‘n verskynsel onmoontlik is, verwag Rickert van die geskiedkundige om ‘n weergawe van die verskynsel soos dit werklik bestaan het, na to streef. Daarom verwys hy na geskiedenis as ‘n “werklikheidswetenskap” (*Wirklichkeitswissenschaft*),<sup>43</sup> ‘n term wat eerste deur Simmel gebruik is.<sup>44</sup>

Die onderskeid tussen algemene en historiese begripsvorming verskaf nog nie ‘n grondslag vir die bepaling van welke historiese verskynsels bestudeer moet word nie.<sup>45</sup> Rickert se probleem was dat die historiese dissiplines nie soos die natuurwetenskappe objektiewe kriteria vir die vorming van begrippe besit nie. Die nomologiese metode is wetenskaplik en objektief omdat ‘n keuringsbeginsel vir die abstrahering van algemene hoedanighede van verskynsels bestaan en omdat die kriteria slegs op die voorwerp (objek) betrekking het en onafhanklik van die persoonlikheid van die betrokke wetenskaplike is. In teenstelling is die historiese metode subjektief en onwetenskaplik omdat objektiewe kriteria ontbreek en dit bloot terug verwys na die voorkeure van die navorser (subjek). Gevolglik bestaan die gevaaar dat geskiedenis sy aanspraak op wetenskaplike status kan verloor.

## Waardeverband en objektiwiteit

Alhoewel geskiedenis ‘n werklikheidswetenskap is, is dit steeds afhanklik van ‘n keuringsproses. Daarom word ‘n keuringsbeginsel vereis waardeur die betekenisvolle verskynsels van die nie-betekenisvolle onderskei kan word.<sup>46</sup> Hierdie maatstaf moet ‘n tweeledige doel verrig. Eerstens, em die oneindigheid van die werklikheid to oorkom op ‘n wyse wat, tweedens, die uniekheid van die betrokke verskynsel beklemtoon. Hierdie maatstaf moet dus ‘n grondslag verskaf vir ‘n wetenskaplike behandeling van empiriese verskynsels.<sup>47</sup> Vir Rickert kan die enigste keuringsmaatstaf wat aan beide vereistes voldoen in die gebied van waardes gevind word. In sy eenvoudigste vorm behels die maatstaf ‘n praktiese waardebepaling van die belangrikheid van bepaalde verskynsels. Die toeskrywing van belangrikheid aan sekere verskynsels hang af van die

---

42 . *Ibid.*, pp. 328-329.

43 . *Ibid.*, pp. 255, 327.

44 . G. SIMMEL, *Die Probleme der Geschichtsphilosophie*, p.43.

45 . H. RICKERT, *Kulturwissenschaft und Naturwissenschaft*, pp. 70-71

46 . H. RICKERT, *Die Grenzen der naturwissenschaftliche Begriffsbildung*, pp. 325-328.

47 . *Ibid.*, pp. 336-337, 342.

*Historia*, 45(1), Mei 2000, pp. 25-46.

waardes wat aan die verskynsels geheg word.<sup>48</sup>

Waardebepaling — die verhouding van ‘n verskynsel tot sy waarde – is die enigste wetenskaplike wyse om die oneindige menigvuldigheid van die werklikheid te oorkom sonder om die individualiteit van historiese voorwerpe te negeer.<sup>49</sup>

Rickert noem wesenlik betekenisvolle verskynsels in-dividue (met individualiteit), terwyl nie-betekenisvolle verskynsels bloot individue is. Individualiteit is die uityloeiing van die besondere, onontbeerlike hoedanighede wat die onverdeelbaarheid, samehang en dus onvervangbaarheid van die verskynsel bepaal. Rickert verduidelik dit met verwysing na die onderskeid tussen die beroemde Kohinoor diamant en ‘n stuk steenkool, wat beide fisies verdeel kan word. In teenstelling met die steenkool kan die diamant egter nie verdeel word sonder om aan uniekheid en dus waarde in to boet nie. Daarom is die Kohinoor diamant ‘n unieke en onvervangbare “in-dividu”, terwyl die steenkool as nie-betekenisvolle individu vervangbaar is.<sup>50</sup> Daarna dra Rickert die argument oor na die gebied van die geskiedwetenskap. Hy onderskei tussen individualiteit en in-individualiteit deur die argument dat laasgenoemde kultureel-betekenisvol is en bepaalde waardes beliggaam. Die in-dividu Goethe is ‘n historiese individu met ‘n belangrikheid vir die historikus wat in die gemiddelde mens ontbreek. Die geskiedkundige beskou die unieke, onvervangbare historiese individu as betekenisvol, vanweë die waardes wat hy aan die verskynsel heg. Die betekenisvolheid ontbreek in die gewone individu, wat nie op dieselfde wyse aan waardes verbind word nie.<sup>51</sup> Goethe staan dus in dieselfde verhouding tot ‘n gewone individu as wat die Kohinoor diamant tot ‘n stuk steenkool staan.

Die verhouding tussen waarde en verskynsel is die spil waarom Rickert se historiese kennisleer wentel. Op die hoër teoretiese vlak van navorsing moet hierdie verhouding, wat op voorwerpvlak die vorm van ‘n praktiese waardering of waardeoordeel aanneem, nou omvorm word tot ‘n teoretiese waardeverband. Waardeverband beteken bloot dat ‘n bepaalde verskynsel kultureel betekenisvol is, of word is om bestudeer te word. Die in-dividu geld as historiese individu en dus as ‘n moontlike voorwerp van historiese belangstelling op grond van ‘n teoretiese waardeverband.<sup>52</sup> ‘n Individu kan slegs as ‘n historiese individu begryp word indien dit verband hou met bepaalde waardes en dus onder ‘n sekere waardeverband val. Die uitskakeling van waardeverbande uit die geskiedenis sal ook die voorwerp van kenteoretiese belangstelling uitskakel, wat

---

48 . *Ibid.*, pp. 351-352.

49 . *Ibid.*, p.371.

50 . *Ibid.*, pp. 349-352.

51 . *Ibid.*, pp. 356-358.

52 . *Ibid.*, pp. 363-364.

historiese kennis onmoontlik sal maak. Op dié wyse dien waardeverband as ‘n keuringsmaatstaf vir die uitkies van kultureel-betekenisvolle navorsingsonderwerpe.<sup>53</sup>

Vir Rickert hang die objektiwiteit van geskiedenis af van die onderskeid tussen waardeverband (*Wertbeziehung*) enersyds en waardering (*Wertung*) of waardeoordeel (*Werturteil*) andersyds.<sup>54</sup> Ermarth beskou die teoretiese waardeverband van die historiese wetenskap as ‘n middeweg tussen praktiese persoonlike waardering en die waardevry (*wertfrei*) metodologiese benadering van die natuurwetenskappe.<sup>55</sup> Rickert bevestig hierdie standpunt met sy uitspraak dat die geskiedwetenskap op ‘n vorm van oordeel berus wat waardes “teoreties” ontdek, ondersoek en “in verband bring” sonder om dié waardes prakties te waardeer of te onderskryf.<sup>56</sup> Waardeverbande is suiwer teoreties in dié sin dat die wesenlike samestellende waardes van die historiese wetenskap onafhanklik van persoonlike waarde-oordele is. Vir Rickert is waardeverband die vernaamste maatstaf wat geskiedenis as ‘n wetenskap onderskei.<sup>57</sup>

Wanneer ‘n historikus byvoorbeeld moet besluit of die Franse Rewolusie werd is om te bestudeer, is sy eie positiewe of negatiewe waarde-oordeel oor dié omwenteling nie-tersaaklik. Die enigste vraag is: is die Franse Rewolusie betekenisvol binne die verband van die Franse, Europese of wêreldegeskiedenis?<sup>58</sup> Dit beteken dat twee of meer historici met uiteenlopende waardebepalings van die Franse Rewolusie nogtans oor die betekenis van hierdie omwenteling sal saamstem. Hulle stem dus saam in hul waardeverband tot die Franse Rowelusie as ‘n teoretiese waarde.<sup>59</sup> Die waardes wat waardeverbande vorm, is die waardes van die historiese objek (navorsingsvoorwerp), eerder as dié van die subjek (navorser). In ‘n “objektiewe” histories wetenskaplike weergawe moet die waardes wat begripsvorming lei altyd uit die historiese voorwerp afgelei word.<sup>60</sup> Die geskiedkundige stel nie in die geldigheid van waardes belang nie, maar bestudeer die waardes van ’n bepaalde kultuur as feite, vry van sy eie vooroordele. Op dié wyse word historiese begripsvorming beskerm teen

---

53 . *Ibid.*, p. 371.

54 . *Ibid.*, pp. 363-364.

55 . M. ERMARTH, *Wilhelm Dilthey: The Critique of Historical Reason* (Chicago, 1978), p. 191.

56 . H. RICKERT, *Die Grenzen der naturwissenschaftliche Begriffsbildung*, pp. 355-356, 594-595.

57 . *Ibid.*, p. 364.

58 . H. RICKERT, *Kulturwissenschaft und Naturwissenschaft*, p. 88.

59 . H. RICKERT, *Die Grenzen der naturwissenschaftliche Begriffsbildung*, pp. 364-365.

60 . *Ibid.*, pp. 566-567.

*Historia*, 45(1), Mei 2000, pp. 25-46.

willekeurige persoonlike besluite.<sup>61</sup>

Die waardes waarop waardeverbande berus, is kultuurwaardes wat die algemene belang van 'n kultuur uitspreek en as riglyne vir historiese navorsing dien. Die geskiedkundige kies dié verskynsels as historiese voorwerpe waarin die besondere kultuurwaarde beliggaam is. Vir Rickert is wetenskaplike geskiedskrywing afhanklik van algemene kultuurwaardes wat as gesigspunte kan dien.<sup>62</sup> Kultuurwaardes kan slegs algemeen wees indien dit erken word deur mense wat lede is van 'n gemeenskap waarin verbondenheid aan hierdie waardes in feite erken en vereis word. Sodanige verbondenheid verteenwoordig 'n sosiale norm, wat algemene konsensus in 'n gemeenskap oor die waardes veronderstel.<sup>63</sup> Kultuurwaardes is beide empiries en normatief algemeen omdat dit nie net vir elke individuele lid geldig is nie, maar vir die lede in hul hoedanigheid as gemeenskap. Rickert se voorbeeld van kultuurwaardes behels instellings wat gewoonlik deur 'n gemeenskap as kultureel betekenisvol beskou word, soos die staat, kerk, reg, wetenskap, godsdiens, taal, ekonomie en kuns. Een of meer sodanige kultuurwaardes moet menslike handeling in 'n historiese proses ten grondslag lê indien hierdie proses ingesluit moet word in 'n histories-wetenskaplike weergawe.<sup>64</sup> Die geskiedkundige is dus verplig om sy waardeverband te laat lei deur waardes wat geldig is in die gemeenskap vir wie hy skryf.

Rickert beskou die algemene kultuurwaardes wat waardeverbande vorm nogtans nie as voldoende om die status van objektiewe wetenskap aan geskiedenis te verleen nie. Kultuurwaardes besit nie die onvoorwaardelike algemene geldigheid of objektiwiteit van natuurwette nie. Gevolglik lewer kultuurwaardes die probleem dat 'n bepaalde voorwerp deur verskillende historici as kultureel betekenisvol omskryf kan word op grond van verskillende teoretiese waardes. Die lewe van Marcus Aurelius<sup>65</sup> kan byvoorbeeld as kultureel betekenisvol regverdig word deur 'n politieke waarde (loopbaan as Romeinse keiser), 'n militêre waarde (rol as generaal en veroweraar), of 'n estetiese waarde (sy filosofiese geskrifte). Terwyl historici saamstem dat bepaalde waardeverbande Aurelius as 'n historiese individu vorm, mag daar meningsverskil bestaan oor wat hierdie waardeverbande behels. Gevolglik mag daar meningsverskil wees oor die kulturele betekenis wat aan Aurelius se lewe toegeskryf moet word. Drie verskillende waardeverbande sal tot drie verskillende voorstellings van 'n historiese individu lei. Hierdie verskille is die uitvloeisel van die

---

61 . H. RICKERT, *Kulturwissenschaft und Naturwissenschaft*, pp. 86-88, 95-96.

62 . H. RICKERT, *Die Grenzen der naturwissenschaftliche Begriffsbildung*, pp. 342-343.

63 . *Ibid.*, pp. 380-381.

64 . *Ibid.*, pp. 570-578, veral pp. 576-577.

65 . My voorbeeld.

meningsverskille oor die waardes wat Aurelius se historiese individualiteit bepaal.<sup>66</sup> Dit beteken dat uiteenlopende maatstawwe vir waardeverband veroorsaak dat dieselfde verskynsel as kultureel betekenisvol omskryf word deur middel van onverenigbare vertolkings van kulturele betekenis. Dit vereis ‘n keuse tussen dié vertolkings, wat uiteindelik ‘n keuse tussen die onderskeie waardeverbande waarop hulle berus, behels.<sup>67</sup>

Rickert se voorgestelde oplossing vir die vraagstuk van waardeverband berus op twee bo-empiriese uitgangspunte. Eerstens bestaan daar objektiewe waardes in die sin dat ‘n onvoorwaardelike algemene geldigheid daaraan toegeskryf kan word. Hierdie waardes is nie bloot empiries geldig vir ‘n besondere kultuurgemeenskap nie. Objektiewe waardes bepaal eerder onvoorwaardelik geldige imperatiewe wat onafhanklik van die norme van enige bepaalde kultuur bestaan.<sup>68</sup> Soos Kant glo Rickert in transendentale waardes wat altyd geldig en tydloos, maar nooit werklik, dit is toepasbaar op die werklikheid, is nie. Nogtans dien hierdie suprahistoriese waardes as noodsaaklike voorvereistes vir verstaanbare historiese kennis. Hierdie waardes stel, soos alle egte a priori maatstawwe, die grense van die geskiedwetenskap.<sup>69</sup> Ermarth beskryf objektiewe waardes as ewige waardes wat nie histories bepaal is nie, maar wat, soos wiskundige stellings, opsigself geldig is.<sup>70</sup> Tweedens, staan die algemene kultuurwaardes wat waardeverband bepaal in een of ander direkte verhouding tot objektiewe waardes. Gevolglik kan die mate van ooreenstemming en teenstrydigheid tussen objektiewe waardes en kultuurwaardes vasgestel word. Dit beteken dat die objektiwiteit van waardeverband oftewel die ooreenstemming of nie-ooreenstemming van die kultuurwaardes met objektiewe waardes aangetoon kan word.<sup>71</sup> Op dié wyse word vaste of objektiewe maatstawwe vir die oplossing van botsende waardeverbande geskep.

In ‘n poging om die bestaan van objektiewe waardes te bewys, benut Rickert transendentale argumente wat Kant gebruik het om die moontlikheid van sekere soorte kennis te skep. Dit word gedoen deur aan te toon dat die beginsels waarop die kennis berus onontbeerlike en gevolglik onbetwisbare voorwaardes

---

66 . *Ibid.*, pp. 364-368.

67 . G. CAKES, “Rickert’s value theory,” *Sociological Theory*, 6 (1), 1988, p. 43.

68 . H. RICKERT, *Die Grenzen der naturwissenschaftliche Begriffsbildung*, pp. 389-391; H. RICKERT, *System der Philosophie* (Tubingen, 1921), p. 132.

69 . H. RICKERT, *Die Grenzen der naturwissenschaftliche Begriffsbildung*, pp. 691-693.

70 . M. ERMARTH, *Wilhelm Dilthey*, p. 191.

71 . H. RICKERT, *Die Grenzen der naturwissenschaftliche Begriffsbildung*, pp. 639-642.

*Historia*, 45(1), Mei 2000, pp. 25-46.

van kennis is.<sup>72</sup> In sy argument gebruik Rickert die grondwaarde waaraan mense hulself teoreties verbind wanneer hulle 'n bewering maak, naamlik die waarheid. Mense maak verklarings wat voorgee om waar te wees. Die uitspraak dat 'n bepaalde standpunt twyfelagtig is, is opsigself 'n verklaring wat 'n veronderstelde ware bewering maak. Al hierdie soort van verklarings vooronderstel algemeen geldige maatstawwe van waarheid. Dit beteken dat daar onvoorwaardelik geldige maatstawwe van waarheid, en dus objektiewe waardes, bestaan. Selfs 'n verklaring dat daar geen objektiewe waardes is nie, vooronderstel objektiewe waardes, omdat hierdie verklaring steeds algemeen geldige (en dus onontbeerlike) maatstawwe van waarheid vooronderstel. Rickert se argument beteken dus dat die erkenning van die objektiwiteit van minstens sommige waardes onvermybaar is.<sup>73</sup> Oakes verduidelik verder: indien daar geen algemeen geldige waardemaatstawwe, en dus objektiewe waardes, is nie, sal mense se gebruik om bewerings te maak, en tussen ware en vals uitsprake te onderskei, sinloos wees.<sup>74</sup>

Rickert se oogmerk met die transendentale argument is die weerlegging van die historisme se algemene relativisme, wat alle bowe-empiriese veronderstellings in die wetenskap, insluitend objektiewe waardes waarop kennis berus, verwerp. Alle waardes word só verminder tot blote subjektief-geldige waarderings wat die onderskeid tussen waardeverbond en waardeoordele uitwis. Volgens Rickert lei hierdie standpunt egter tot 'n logiese absurditeit, omdat dit, volgens transendentale logika, die vooronderstellings waarop dit berus, weerspreek.<sup>75</sup>

Die objektiwiteitseis beteken dat die geskiedkundige nie net kultuurwaardes as leidende beginsels kan gebruik nie. Die aanvaarding van onvoorwaardelik geldige suprahistoriese waardes verteenwoordig die enigste grondslag waarop geskiedenis 'n objektiwiteit vergelykbaar met dié van die natuurwetenskappe kan verkry.<sup>76</sup> Rickert erken egter dat sy aanname nie empiries bewysbaar is nie, aangesien dit in die filosofie eerder as in die wetenskap tuishoort. Gevolglik is 'n historiese filosofie 'n noodsaklike voorvereiste vir die bestaan van geskiedwetenskap.<sup>77</sup>

- 72 . I. KANT, "Kritik der reinen Vernunft", F. CASSIRER (Red.), *Immanuel Kants Werke, III* (Berlyn, 1922), pp. 17-18, 48, 105, 489. Kyk ook R. HUBNER, "Zur Struktur eines transzentalen Arguments", *Kant-Studien*, 65 (1), 1974, pp. 15-27.
- 73 . H. RICKERT, *Die Grenzen der naturwissenschaftliche Begriffsbildung*, (1902), pp. 666-673, 681-683; *Die Grenzen der naturwissenschaftliche Begriffsbildung* (vyfde uitgawe, 1929), pp. 678-680.
- 74 . G. OAKES, "Rickert's value theory", p. 46.
- 75 . H. RICKERT, *Die Grenzen der naturwissenschaftliche Begriffsbildung*, (1902), pp. 684-686.
- 76 . *Ibid.*, p. 390; H. RICKERT, *Kulturwissenschaft und Naturwissenschaft*, p. 134.
- 77 . *Ibid.*, p. 138; T. BURGER, "Concepts and Reality, Values and Validity", *American Journal of Sociology*, 93 (4), 1988, pp. 963-964.

‘n Oorsig van die literatuur toon aansienlike wanbegrip van Rickert se waardeleer. Dit geld veral sy poging om die vraagstuk van die objektiwiteit van die historiese kultuurwetenskap op te los deur die objektiwiteit van waardeverband op die objektiwiteit van waardes te grond. Hier word met twee voorbeelde volstaan. Bruun se ontleding negeer Rickert se begrip van onvoorwaardelike geldigheid en sy vereiste van die onvoorwaardelike geldigheid van die waardes wat waardeverbande bepaal.<sup>78</sup> Op dié wyse word die noodsaaklike verband tussen die probleem van waardeverband en die probleem van waardes negeer. Die fout lei tot Bruun se wanvoorstelling dat Rickert se oplossing van die waardeprobleem behels dat hy waardes uit empiriese feite aflei.<sup>79</sup> In werklikheid behels Rickert se oplossing die lynregte teenoorgestelde, naamlik ‘n poging om die bo-empiriese geldigheid van algemene kultuurwaardes te bewys deur aan te toon dat hulle objektiewe waardes benader. Jürgen Habermas se aanspraak dat Rickert sy teorie van onvoorwaardelik geldige waardes reeds in die eerste uitgawe van *Die Grenzen* (1902) laat vaar het nadat hy dit slegs in *Kulturwissenschaft* (1899) geformuleer het,<sup>80</sup> is volkome vals. Al vyf uitgawes van *Die Grenzen* (1902-1929) bevat in werklikheid uiteenstellings van die idee van objektiewe waardes. Habermas fouteer ook deur *Kulturwissenschaft* as Rickert se eerste werk te beskou.<sup>81</sup>

### Waardebepaling en kritiek.

Rickert het ‘n sinvolle en blywende bydrae tot die toelighting van die aard van historiese navorsingswerk gebewer, sodat sy twee belangrikste boeke, *Kulturwissenschaft* en *Die Grenzen*, as klassieke werke beskou kan word. *Die Grenzen* was waarskynlik die naaste wat daar gekom is aan Dilthey se onverwesenlike ideaal om ‘n Kritiek van Historiese Rede te skryf. Gevolglik is Kon se kritiek dat Rickert bloot die metode van tradisionele geskiedskrywing gesystematiseer en dit toe tot die enigste geldige benadering verhef het,<sup>82</sup> erg oordrewe. Rickert het belangrike oorspronklike bydraes gelewer met sy ontleding van begripsvorming en veral sy teorie van waardeverband en objektiwiteit. Die belangrikste sake wat Rickert aanraak, soos die vrae wat die geskiedkundige vra, die verband tussen historiese voorwerp en metode, die wyse waarop hy sy navorsingsonderwerp kies, en die verband tussen die vasstelling

78 . H.H. BRUUN, *Science, Values and Politics in Max Weber's Methodology* (Kopenhagen, 1972), pp. 88-94.

79 . *Ibid.*, p. 132.

80 . J. HABERMAS, *Erkenntnis und Interesse* (Frankfurt a.M., 1971), p. 202 vn 145.

81 . *Ibid.*; vgl. vn. 2 en 3 hierbo.

82 . I.S. KON, *Die Geschichtsphilosophie des 20. Jahrhunderts, I* (Berlyn, 1966), p. 123.

*Historia*, 45(1), Mei 2000, pp. 25-46.

van feite en die keuringsmaatstawwe, is steeds tersaaklik.

Neo-Kantiaanse kennisleer, veral Rickert se idees, het geslagte intellektuele beïnvloed. Onder die vernaamste was die geskiedkundige Friedrich Meinecke,<sup>83</sup> die historiese sosiaalwetenskaplike Max Weber, die teoloog Ernst Troeltsch<sup>84</sup> en die ekonoom Ludwig von Mises.<sup>85</sup> Die werke van hierdie denkers was die uitylvoisel van onderlinge besprekings waarin die idees van Rickert uiters invloedryk was. Die belangrikste invloed was op Max Weber, wat sy historiese metodeleer hoofsaaklik op neo-Kantiaanse kenteoretiese beginsels gegrond het.<sup>86</sup> Die invloed van die Badenfilosowe blyk duidelik uit die vele verwysings in Weber se metodologiese opstelle, veral na *Die Grenzen*, waarvan hy ‘n hoë dunk gehad het.<sup>87</sup> In ooreenstemming met neo-Kantiaanse denke, verdedig Weber historiese navorsing as noodsaaklik, maar aanvaar ook die nodigheid van abstrakte begrippe as ‘n middeweg kompromis tussen positivisme en historisme. Sy vernaamste bydrae was die ideaaltipe, wat as historiese begrip ook as analitiese en heuristiese middel vir die ordening van die empiriese werklikheid kan dien.<sup>88</sup> Op die wyse kan ‘n geskiedwetenskaplike reg laat geskied aan die ingewikkelde historiese werklikheid en terselfdertyd teoretiese verklaringsmiddele aanwend. Gevolglik beskou Weber die neo- Kantiaanse kennisleer as geskikte grondslag vir die oplossing van die laat negentiende-euse metodestryd.<sup>89</sup>

Rickert se onderskeid tussen individualiserende en nomologiese wetenskappe is voordelig omdat dit duidelik stel dat nie alle dissiplines wetmatig is nie. Sy standpunt dat die geskiedenis nie tot “natuurwette” vereenvoudig kan word nie, was ongetwyfeld juis. Rickert het dan ook ‘n belangrike bydrae gelewer tot die weerlegging van die positivistiese aanname dat die vasstelling van wette ‘n voorvereiste vir wetenskaplike status is. Nogtans is Rickert se begripsteorie op ‘n wanbegrip gegrond, naamlik die gelykstelling van die onderskeid tussen

- 
- 83 . F. MEINECKE, *Strassburg-Freiburg-Berlin 1901-1919: Erinnerungen* (Stuttgart, 1949), pp. 93-94, 159.
- 84 . H.G. LITTLE, “Ernst Troeltsch and the scope of historicism”, *Journal of Religion*, 46(3), 1966, pp. 346-348.
- 85 . Kyk L. VON MISES, *Theory and History* (Londen, 1958).
- 86 . J. WEISS, *Max Webers Grundlegung der Soziologie* (München, 1975), pp. 20-32.
- 87 . MARIANNE WEBER, *Max Weber: Ein Lebensbild* (Tweede Uitgawe, Heidelberg 1950), pp. 235, 296, 353; M. WEBER, “Roscher und Knies und die logischen Probleme der historischen Nationalökonomie,” *Gesammelte Aufsätze zur Wissenschaftslehre* (Vierde uitgawe, Tübingen, 1973), pp. 3-4 en 2, 91, 100.
- 88 . M. WEBER, “Die ‘Objektivität’ sozialwissenschaftlicher und sozialpolitischer Erkenntnis,” *Gesammelte Aufsätze zur Wissenschaftslehre*, pp. 175, 178-179, 187-199, 208; “Roscher und Knies”, pp. 9-12, 21-29.
- 89 . Kyk my artikel, “Carl Menger, Gustav von Schmoller en die Methodenstreit”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomiese*, 63(1), 1995, pp. 64-84.

historiese wetenskap en natuurwetenskap aan die verskil tussen individualiserende wetenskap en wetmatige wetenskap. Hierdie teenoorstelling verteenwoordig nie ‘n akkurate weerspieëling van ware wetenskaplike arbeid nie en is ‘n ernstige oorvereenvoudiging wat reeds vroeg deur Wundt<sup>90</sup> en Bienfait<sup>91</sup> bevraagteken is. Dit is korrek dat historiese wetenskappe oor die algemeen meer gemoeid is met besondere verskynsels, plekke en tydperke as die natuurwetenskappe. Nogtans is dit simplisties om te aanvaar dat historiese navorsing nooit algemene stellings gebruik nie. Alhoewel die historikus hoofsaaklik met die unieke gemoeid is, vereis sy navorsing oor wat enkelvoudig is minstens ‘n stilswyende aanvaarding van algemene stellings, asook die gebruik van algemene beskrywende terme en die erkenning van velerlei empiriese reëlmatiche. Tatarkiewicz wys dan ook daarop dat Rickert se dualisme suiwer individualiserende wetenskappe veronderstel wat egter nie in die werklikheid bestaan nie.<sup>92</sup>

Rickert is blybaar onbewus daarvan dat teorie altyd gebruik word vir die verklaring van besondere verskynsels. Wisselwerking tussen die unieke en die algemene is ‘n voorvereiste vir verklaring. Dit is net so onmoontlik om die twee te skei, as wat feit en vertolking geskei kan word. Sonder die een kan die ander nie bestaan en waargeneem word nie. ‘n Vergelykende studie van die Franse, Russiese en Sjinese rewolusies veronderstel die toelighting van gemeenskaplike of algemene kenmerke van hierdie unieke gebeure. Die historikus bestudeer dus ook dit wat algemeen in die unieke is. Sonder die veralgemeenings wat die historikus gebruik om sy getuienis te toets word hy bloot ‘n insamelaar van feite.<sup>93</sup> Indien die geskiedenis uitsluitlik uit die oogpunt van besondere verskynsels beskou word, is dit ook onmoontlik om onderlinge algemene kausale verbande te ontdek, of enigiets uit die geskiedenis te leer, wat deur historiese voorbeeldweerspreek word.

Wundt en Bienfait se kritiek is egter nooit logies uitgebrei tot ‘n kritiese oorweging van Rickert se historiese begrippe nie. Sy uitspraak dat historiese begrippe die unieke kenmerke wat individuele verskynsels onderbing onderskei, insluit, terwyl dié wat gemeenskaplik is, uitgesluit word,<sup>94</sup> is onjuis. Nieteenstaande die neiging dat die omvang van ‘n historiese begrip tot ‘n enkele

90 . W. WUNDT, *Einleitung in die Philosophie* (Leipzig, 1922), pp. 64-65.

91 . W. BIENFAIT, “Max Webers Lehre vom geschichtlichen Erkennen”, *Historische Studien*, 194, 1930, pp.54-55.

92 . W. TATARKIEWICZ, “Nomological and Typological Sciences”, *Journal of Philosophy*, 57, 1960, p. 236.

93 . Kyk bv. E. NAGEL, “Some Issues in the Logic of Historical Analysis” *Scientific Monthly*, 74, 1952, pp. 162-169; E.H. CARR, *What is History?* (Harmondsworth, 976), pp. 63-67.

94 . H. RICKERT, *Die Grenzen der naturwissenschaftliche Begriffsbildung*, pp. 371.

*Historia*, 45(1), Mei 2000, pp. 25-46.

konkrete verskynsel beperk is,<sup>95</sup> bevat al dié begrippe beslis algemene elemente. ‘n Historiese individu soos Jan Smuts besit ongetwyfeld ‘n besondere eenmaligheid en nie-herhaalbaarheid. Nogtans vereis ‘n historiese beskrywing van Smuts ook velerlei algemene soortbegrippe. Kenmerke van wisselende algemeenheid soos “leier”, “staatsman”, militêre aanvoerder”, en “Suid-Afrikaner” moet noodwendig vermeld word.

Rickert se begripsleer gaan ook mank aan ‘n ernstiger leemte, sy verwering van die nadigheid van algemene historiese begrippe as ‘n middeweg tussen individuele historiese begrippe en natuurwette. Vir Rickert is die algemene woordbetekenisse wat die geskiedkundige reeds uit sy voorwetenskaplike stadium – die alledaagse werklikheid — geken het, voldoende vir historiese navorsing. Hy noem as voorbeeld die begrip “honger” in die geval van ‘n beleerde dorp wat vanweë hongersnood aan die vyand moet oorgee.<sup>96</sup> Hierdie foutiewe argument anderskei egter nie tussen eenvoudige en algemene verstaanbare woorde uit die alledaagse lewe (soos “honger”) en ingewikkeld sosiaalwetenskaplike begrippe soos “feodalisme” en “kapitalisme” nie. Laasgenoemde is algemene historiese begrippe wat doelbewuste bepeinsing, abstrahering en samestelling vereis. ‘n Studie van feodalisme vereis ‘n noukeurige definisie van die begrip omdat daar botsende betekenisse aan geheg word. Marxiste neig byvoorbeeld om feodalisme as ‘n veralgemenende en beleidende etiket te gebruik en die ekonomiese aspekte eensydig te beklemtoon.<sup>97</sup> Andersyds verleen Weber groter gewig aan die sosiaal-politieke en militêre kenmerke van feodalisme wat as ‘n analitiese ideaaltipe begrip slegs tot Middeleuse Wes-Europa en voormoderne Japan beperk word.<sup>98</sup> In teenstelling met ‘n woord soos “honger”, kan begrippe soos “feodalisme” nie uit die persoonlike lewenservaring van die historikus afgelei word nie. Selfs die sinvolle uitbeelding van unieke en konkrete historiese verskynsels vereis normaalweg die gebruik van algemene historiese begrippe.

Rickert se uitsluiting van algemene historiese begrippe hou verband met sy sterk konserwatiewe siening van die historiese voorwerp en terrein. Dit is naamlik sy vertolking van die historiese proses deur middel van die handelinge van groot persoonlikhede en ‘n verwisseling van afsonderlike gebeure, wat sy sterk klem op ‘n “individualiserende” metode verklaar. Die nadeel van die benadering is egter die negering van die uniekheid van gewone mense of die massa, wat na Rickert se mening nie ‘n selfstandige rol in die geskiedenis speel nie. Sy

---

95. *Ibid.*, pp. 638-639.

96. H. RICKERT, *Kulturwissenschaft und Naturwissenschaft*, pp. 67-68.

97. J.W. HALL, “Feudalism in Japan”, *Comparative Studies in Society and History*, 5(1), 1962, p. 19; V.I. LENIN, *The Development of Capitalism in Russia* (Moskou, 1956), pp. 190-192.

98. M. WEBER, *Wirtschaft und Gesellschaft* (Vvfde uitgawe, Tübingen, 1976), pp. 149, 625-631, 651.

houding blyk duidelik uit sy stelling dat die individualiteit van die gemiddelde mens vervang kan word deur enige voorwerp wat onder die begrip mens val. Die bedrywighede van die massa kan dan selfs deur die natuurwetenskaplike metode ondersoek word. In teenstelling hiermee, kan uitstaande persone soos Goethe nie onder ‘n algemene begrip geplaas word nie.<sup>99</sup> Hierdie negering van die massa was miskien aanvaarbaar ten tyde van Rickert se skrywe, maar is in stryd met die vereistes van ons tyd om ook die nodige aandag aan die geskiedenis van die alledaagse lewe en van gewone mense te gee.

Rickert se waardeleer lewer nog meer probleme as sy begripsteorie. Bienfait wys op die beperkte nut van waardeverband, dat dit nie moontlik is om al die bestanddele wat in werklike historiese beskrywings voorkom deur die maatstaf van waardeverband te verantwaard nie. Die meeste historiese weergawes bevat verwysings na kousale verbanne tussen minder belangrike historiese individue wat bloot van tweede en selfs derderangse belang is en wat dus nie deur waardeverband gedek word nie.<sup>100</sup> Sommige aspekte word dikwels bloot ingesluit om die beskrywing vir die leser interessant en lewendig te maak. Die beginsel van waardeverband verskaf ook geen riglyn vir die skaal waarop beskrywings aangebied moet word nie: of ‘n weergawe die omvang van een of tien lande moet aanneem nie. Daarbenewens bepaal waardeverband ook nie of die geskiedenis van die hoofneigings van ‘n tydperk slegs een land, ‘n vasteland, of die hele wêreld moet dek nie.<sup>101</sup>

Mandelbaum se argument dat alle waardeverbandhouende oordele afhanklik van vooraf historiese kennis is, weerlê Rickert se standpunt dat waardeverband ‘n voorvereiste vir historiese kennis vorm. Die “in verband bring” van historiese feite met waardes vooronderstel ‘n volle begrip van die historiese stof eerder as bloot ‘n kennis van geïsoleerde gebeure, soos Rickert voorstel.<sup>102</sup> In die praktyk veronderstel Rickert stilswyend dat die geskiedkundige, wat sig voorberei om ‘n navorsingsvoorwerp te bestudeer, reeds daarmee bekend moet wees. Mandelbaum verduidelik die probleem soos volg: Indien ‘n geskiedkundige ‘n geskiedenis van die vakbondwese wil skryf, is dit onseker of sy weergawe op ‘n sosiale, ekonomiese of politieke waarde gegrond moet word. Die tersaaklikheid van ‘n verskynsel, soos die vakbondwese vir enige waarde, is slegs bepaalbaar nadat die geskiedkundige reeds die geskiedenis van daardie beweging ken.<sup>103</sup> ‘n Betreklik volledige kennis van ‘n verskynsel is dus nodig voordat dit met

---

99. H. RICKERT, *Die Grenzen der naturwissenschaftliche Begriffsbildung*, pp. 357-358.

100. W. BIENFAIT, “Max Webers Lehre”, pp. 49-50.

101. *Ibid.*, pp. 57-58.

102. M. MANDELBAUM, *The Problem of Historical Knowledge* (New York, 1967), p. 144.

103. *Ibid.*, pp. 144-145.

*Historia*, 45(1), Mei 2000, pp. 25-46.

waardes in verband gebring kan word. Indien dit juis is, is Rickert se standpunt dat dit die waardeverband van feite is wat hul teenwoordigheid in ‘n historiese weergawe verklaar, verkeerd.

Rickert se poging om die probleem op te los lei egter tot verdere onkonsekwentheid. Nieteenstaande sy kritiek teen Dilthey se gebruik van intuïsie (aanvoeling), benut Rickert ‘n soortgelyke benadering vir die verklaring van die wyse waarop waardes in die geskiedenis verskyn. Volgens Rickert “kleef” transendentale waardes aan die konkrete individu.<sup>104</sup> Rickert verduidelik egter nie hoe hierdie waardes deel van die individu word nie — of dit deur sosialisering, opvoeding of vooraf vorming is nie. Verder redeneer Rickert dat ‘n historikus sig nie hoef te bekommern oor die redes waarain sekere verskynsels as betekenisvol beskau word nie. Om die regte keuring te doen mag hy hom op sy “instink” of “gevoel” verlaat. Hierdie aanvoeling vir die histories betekenisvolle is ‘n voorvereiste vir die status van ‘n “egte” geskiedkundige. Dit is ‘n uitvloeisel van die onsistematiese aard van die geskiedenis.<sup>105</sup> Terwyl aanvoeling – gegrond op ‘n breeë leeskennis en navorsingservaring - wel ‘n rol in geskiedskrywing kan speel, weerspreek Rickert hier sy eie kritiek teen Dilthey. Op dié wyse wikkel Rickert hom los uit die probleme wat sy teorie van waardeverband opwerp.

Oakes se weerlegging van Rickert se stelling dat waardeverbande onafhanklik van waarde-oordele bestaan, ondermyn ook die dualisme van waardeverband en waarde-oordele waarop Rickert se objektiwiteitsbegrip berus. Oakes se argument lui soos volg: Verskynsels kan slegs deur middel van waardeverband as histories betekenisvolle voorwerpe of individue bepaal word. Verskynsels kan egter slegs deur waardeverband bepaal word indien die betrokke waardes (waarop waardeverband berus) geïdentifiseer en van ander waardes onderskei kan word. In dié sin kan ‘n waarde slegs op die grondslag van ‘n positiewe of negatiewe waardeoordeel verstaan word. Gevolglik is die samestelling van verskynsels as historiese voorwerpe op waarde-oordele gegrond. Dit beteken dat standpunt ingeneem moet word oor die waarde deur middel waarvan die waardeverbande wat hierdie voorwerpe saamstel, bepaal word. Laastens beteken dit dat waardeverbande slegs op die grondslag van waarde-oordele gevestig kan word.<sup>106</sup> Rickert se stelling dat waardeverbande onafhanklik van waarde-oordele gevestig kan word, is dus ongeldig. Die praktiese uitvloeisel van hierdie argument is dat Rickert se standpunt dat botsende waarde-oordele oor ‘n gebeurtenis soos die Franse Rewolusie wel ‘n gemeenskaplike waardeverband

---

104 . H. RICKERT, *Die Grenzen der naturwissenschaftliche Begriffsbildung* (1902), pp. 359-360; *Die Grenzen der naturwissenschaftliche Begriffsbildung* (Vyfde uitgawe, 1929), p. 325.

105 . H. RICKERT, *Die Philosophie des Lebens* (Tubingen, 1920), pp. 46-47.

106 . G. OAKES, *Weber and Rickert* (Cambridge Mass., 1988), p. 126.

oor die betekenisvolheid daarvan kan veronderstel wat onafhanklik van dié waarde-oordele is, probleme lewer. Die blote feit dat die Franse Rewolusie ooreenkomsdig die teorie van waardeverband as betekenisvol beskou word, kan self as 'n soort waarde-oordeel beskou word.

Rickert se teorie van objektiwiteit word ook ondermyn deur die suiwer nie-werklike en vormlike aard van sy objektiewe waardes wat beteken dat hul inhoud onbekend is. Dit hou ernstige probleme in vir waardeverband wat bepaal word deur kultuurwaardes wat bloot subjektief en voorwaardelik geldig vir 'n bepaalde gemeenskap is. Om die objektiwiteit van hierdie kultuurwaardes te bewys, moet daar aangetoon word dat hulle duidelik verband hou met objektiewe waardes wat eersgenoemde oortref. Dit is egter onmoontlik om die verband tussen kultuurwaardes en objektiewe waardes aan te toon indien laasgenoemde onbekend is. Daar kan dus nie bepaal word dat kultuurwaardes in een of ander aanwysbare verhouding tot objektiewe waardes staan en laasgenoemde min of meer benader nie. Gevolglik kan daar nie aangetoon word of die kultuurwaardes ook objektiewe waardes is, of hulle uit laasgenoemde afgelei is, en of hulle minstens daarmee verenigbaar is nie.<sup>107</sup> Kennis van welke waardes objektief is, is egter 'n voorvereiste vir die vasstelling van die verband tussen laasgenoemde en kultuurwaardes. Gevolglik is die status van die kultuurwaardes wat waardeverband bepaal, steeds onseker. Vanweë die onbekendheid van objektiewe waardes is die beginsels waarvolgens waardekeuses tussen die samestellende waardes van onverenigbare waardeverbande gemaak moet word, ook onbekend. Rickert se aanspraak dat die rol van waardeverband in die bepaling van historiese individue die objektiwiteit van die geskiedwetenskap verseker, is dus ongeldig.

Uiteindelik probeer Rickert om die probleem van die subjektiwiteit van kultuurwaardes, die onbepaalbaarheid van die verhouding tussen kultuurwaardes en objektiewe waardes, en die gevolglike onsekere status van kultuurwaardes, op 'n onaanvaarbare wyse op te los. Aangesien die onderskeid tussen kultuurwaardes en objektiewe waardes buite die gebied van die wetenskap val en eerder 'n filosofiese probbeem is, beskou Rickert die kultuurwaardes ten laaste bloot as onvoorwaardelik geldig (objektief).<sup>108</sup> Rickert versmelt dus empiries-geldige kultuurwaardes in transendentale objektiewe waardes. Dit veronderstel die vereniging van die probleem van empiriese objektiwiteit met die beginsel van transendentale objektiwiteit. Hierdie stap is foutief, aangesien empiriese en metafisiese objektiwiteit twee verskillende ondernemings verteenwoordig. Terwyl metafisiese objektiwiteit 'n kenteoretiese probleem is,

---

107. *Ibid.*, p. 129.

108. H. RICKERT, *Die Grenzen der naturwissenschaftliche Begriffsbildung* (1902), pp. 703-704. *Historia*, 45(1), Mei 2000, pp. 25-46.

is empiriese objektiwiteit ‘n saak vir die metodeleer. Die wetenskappe is slegs met empiriese objektiwiteit gemoeid.

Hierdie voorgestelde oplossing weerspreek ook Rickert se erkenning, soos vroeër in Die Grenzen verwoord, dat kultuurwaardes nie voldoende objektiwiteit aan waardeverband (en dus aan die geskiedwetenskap) verleen nie.<sup>109</sup> Stern wys daarop dat kultuurwaardes self voortbrengsels van die geskiedenis is en daarom nie volkome aan historiese relatiwiteit kan ontkom nie.<sup>110</sup> Rickert erken dat die kultuurwaardes van verskillende gemeenskappe onderling verskil en ook met verloop van tyd verander. Gevolglik mag ‘n waardeverbandhoudende historiese weergawe slegs geldig vir een kultuurgemeenskap wees, sodat daar in beginsel net soveel soorte historiese kennis moontlik is as wat daar kultuurgebiede bestaan.<sup>111</sup> Op dié grondslag is ‘n algemene wêreldgeskiedenis wat vir elke waarnemer geldig sal wees, onmoontlik. Hierdie kritiek kan verder gevoer word met die argument dat Rickert se voorbeeld van historiese individue, wat algemeen geldige waardeverband sou besit soos Goethe en Luther, in werklikheid slegs tot die Weste beperk is. Vir ‘n Sjinese intellektueel wat weinig van die Westerse beskawing weet, sal Goethe en Luther sonder waardeverband wees. In die Ooste besit Mohammed, Boeddha en Konfucius eerder besondere waarde vir verskillende gemeenskappe. Rickert se waardeleer word dus geknel deur die eurosentrisme wat kenmerkend van ‘n tydperk van Westerse koloniale uitbreiding was. Dit blyk dat Rickert bloot die kultuurwaardes van negentiende-eeuse Duitsland wêreldwyd veralgemeen en tot transendentale waardes verhef het. Soos Ranke, word Rickert onbewustelik ‘n slagoffer van die sosiaalkulturele verband van die tyd waarin hy skryf.

Rickert se beklemtoning van die noue verband tussen waardes en historiese oordeel as ‘n hoofbestanddeel van enige kritiek van historiese rede, verdien lof omdat die vasstelling van waardes in die historiese verloop ‘n voorvereiste vir historiese navorsing en historiese kennis is. Rickert se standpunt dat geskiedenis beide as huidige wetenskaplike kennis en as die feite van die verlede op waardes berus, is huis. Nogtans slaag Rickert nie daarin om die wesenlike verband tussen die transendentale waarde en die historiese openbaring van kultuurwaardes oortuigend te verduidelik nie. Sy versmelting van algemene kultuurwaardes met objektiewe waardes verskaf nie voldoende waarborg teen relativisme nie. Rickert se poging om die probleem van relativisme binne ‘n Kantiaanse transendentale raamwerk op te los, was dus nie volkome geslaagd nie.

---

109 . *Ibid.*, pp. 632-634.

110 . A. STERN, *The Philosophy of History and the Problem of Values* (Den Haag, 1962), p. 122.

111 . H. RICKERT, *Die Grenzen der naturwissenschaftliche Begriffsbildung*, pp. 628-634.

*Abstract*

**The neo-Kantian historical epistemology of the Baden School:  
II Heinrich Rickert.**

This, the second of two articles, deals with the epistemology of Heinrich Rickert. Rickert's aim, to establish history as a science free from positivism, led to an elaboration of the ideas of Windelband and Lask. Hence Rickert formulated a theory of concept formation emphasising the unique characteristics of historical phenomena. For Rickert the main problem of historical knowledge is the distinction between significant and insignificant phenomena. In his attempt to solve this problem, Rickert invented "value relevance" as criterion for selecting significant objects from empirical reality. However, Rickert's claim that the objectivity of history is dependent on the distinction between value relevance and value-judgements is not convincing.